



FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: nuusbrief@framesby.co.za

Uitgawe 161: 3 Augustus 2018

VEILIGHEID ONS PRIORITEIT

Ons kan sekerlik aanvaar dat elke ouer sy of haar kind soggens skooltoe stuur en vir geen oomblik hoef te twyfel oor die kind se veiligheid nie. Dieselfde geld wanneer kinders per bus na bepalings of funksies vervoer word. En dis ook reg so. Hulle is immers ons kosbaarste besittings! Die skool neem uiteraard hierdie verantwoordelikheid baie ernstig op en probeer te alle tye pro-aktief optree om enige potensiële risiko's vroegtydig te identifiseer en maatreëls in plek te kry om die risiko's die hoof te bied. Daar word selfs 'n risiko-register bygehou waar daar self aangeteken word wanneer bome se takke moontlik in stormwinde kan losbreek. Aksiestappe word daarmee saam aangeteken. Net so maak ons vir jare reeds gebruik van een openbare busdiens omdat hierdie maatskappy se busse uiters betroubaar is en hul bestuurders met die grootste versigtigheid en verantwoordelikheid bestuur. En so kan ons aanhou.

Dis daarom kommerwekkend dat sommige van ons ouers nie daarop ingestel is om ons skoolomgewing veilig te hou nie. Ons is 'n relatief groot skool en die meeste van ons leerders word met privaatvervoer afgelaai en in die middag weer opgelaai. Die meeste leerders word tussen 07:00 en 07:40 afgelaai en tussen 14:15 en 14:30 opgelaai. Daar is dus 'n gekonsentreerde beweging van leerders deur die hekke en oor die strate in hierdie tyd, met baie motorvoertuie en motorfietse wat terselfdertyd so vinnig moontlik probeer wegkom om die verkeer te mis. Dan het ons nog te doen met daardie arrogante (jammer, maar daar is geen ander beskrywing nie) individue wat hul eie parkeerplekke "skep" deur dubbeld, op die voetganger-oorgang of voor die hekke te parkeer. Om nie eens te praat van die uiters onverantwoordelike verontagsaming van stopstrate en die spoedbeperking deur individue wat hulself in alle opsigte as bo die reg verhewe beskou. Dan moet almal op die uitkyk wees vir ons motorfietryers wat lustig hierdie voorbeeld volg.

Dat iemand nog nie ernstig beseer is nie, is net genade. Daar is gereeld nou ontkomings en die tyd het aangebreek dat die Framesby-familie **saam 'n einde aan die onverskilligheid maak**. Kom ons wees almal baie meer bedagsaam en verseker so dat geen leerder ooit bekommerd hoef te wees om oor 'n straat te loop, en geen motors blootgestel word aan buffelagtige padgebruik deur kortsigtige ongeduldiges nie. **Ons leerders se veiligheid is ononderhandelbaar!**

ONS VIER NASIONALE VROUEDAG

Die ouer geslagte sal vakansiedae soos Krugerdag, Gelofte dag, Van Riebeeckdag en Republiekdag onthou, almal vakansiedae wat bepaalde belangrike momente in die geskiedenis van die "ou" Suid-Afrika gedenk het. Deesdae is daar ander dae wat weer die "nuwe" Suid-Afrika se belangrike geskiedkundige momente in herinnering roep. Die nasionale vrouedag wat ons op 9 Augustus vier, herdenk egter geen spesifieke gebeurtenis nie, maar wel die onmisbare rol wat vroue deur die eeue, en elke dag, in ons land, ons samelewing en ons gesinne speel. Al word daar dikwels na mans verwys as die "sterker" geslag, is daar niks so STERK soos 'n vrou met karakter, liefde en medemenslikheid nie! Mag al ons vroue Donderdag ekstra spesiaal voel.

Baie voorspoed aan ons hokkiedogters wat na Graaff-Reinet reis vir hul wedstryde teen Union High en Volksskool

Onthou die Gr 9-Vakkeuse-aand op 16 Augustus

Mnr en Mej Framesby Woensdagaand!! Kaartjies by die Algemene Kantoor

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag
Geen

Sondag
Geen

Maandag
Ulrich van Zyl, 10G

Dinsdag
Karla Barnard, 10A

Woensdag
Matthew Dennis, 8F

Donderdag
Lané Ingram, 12B

Vrydag
Marne Olivier, 12A
Nicole Smith, 9A
Danel van Staden, 12B

FRAMESBY IS TROTS OP ...

TOEKOMSTIGE INGENIEURS TOOR MET WATER!

Terwyl heelwat leerders verlede naweek baie vroeg moes opstaan om die bus na Outeniqua te haal, het drie Framesby-leerders, stof (of is dit water?) in hul mededingers se oë geskop toe hulle in die nasionale eindronde van die Aqualibrium-kompetisie, wat deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Siviele Ingenieurswese (SAICE) aangebied is, as die nasionale wenner uit die stryd getree het. In hierdie kompetisie kry die deelnemers 'n opdrag om 3 liter water deur 'n pypleidingstelsel van pype van verskillende diktes, in gelyke hoeveelhede na drie verskillende punte te versprei. Lees dit gerus weer, dis regtig nogal 'n uitdaging, veral omdat die taak binne 'n uur afgehandel moet wees, van beplanning tot by die finale produk!

Ons drie manne, Phillip du Plessis, Juandré Gilbert en Donovan Jerling, het vroeër vanjaar as die streekswenners gekwalifiseer vir die finale rondte wat in Germiston aangebied is. Hulle is vergesel deur mev. Hamilton en het daar meeding met altesaam 12 spanne uit die verskillende streke in Suid-Afrika, sowel as die nasionale spanne van Zimbabwe en Swaziland. Tydens die beoordeling ontvang die spanne strafpunte vir moontlike foute of probleme, en ons manne het altesaam 45 strafpunte ontvang. Die naaste twee spanne aan hulle het 'n yslike totaal van 125 strafpunte verwerf! Die Framesby-span het letterlik die vloer met die opposisie gegee! Ons is ongelooflik trots op julle, manne! Baie geluk, en ons hoop julle geniet die kontantprys wat julle gewen het. Dis regtig 'n groot eer vir Framesby om met julle te kan spog.



Ons Waterfundi's
in aksie!

Nasionale wenners!



PROGRAM VIR HIERDIE WEEK

Saterdag 4 Augustus	Sondag 5 Augustus	Maandag 6 Augustus	Dinsdag 7 Augustus	Woensdag 8 Augustus	Donderdag 9 Augustus	Vrydag 10 Augustus
Rugby: Oakdale Hokkie: Union High Volkskool (W) Danseksamen Logan Toneelfees	Danseksamen Logan Toneelfees	Dag 6	Dag 7 Hokkie: VP (T) Debatklub	Dag 8 TOETSDAG Rugby/Netbal Otto du Plessis Hokkie: VP (T) Mnr/Mej Framesby	Nasionale Vrouedag	Skool- vakansiedag

TAAI DAG OP GEORGE TEEN OUTENIQUA

Ons jaarlikse bepaling teen die Hoërskool Outeniqua is seker die taaiste waarby bykans al ons wintersporte betrokke is, en verlede naweek was nie 'n uitsondering nie. Dit beteken egter glad nie dat ons spanne sommer net oorgegee het nie, maar ondanks baie harde kompetisie kon ons vanjaar nie daarin slag om 'n enkele rugby-, hokkie- of muurbalwedstryd te wen nie. By die netbal kon ons darem 'n paar wedstryde deurtrek, en dit was veral ons O/16-groep wat die harte warm laat klop het deur al hul wedstryde te wen. Baie geluk, meisies.

Daar is egter geen rede om in sak en as te sit nie. Die meeste van ons spanne was vir die grootste deel van hul wedstryde nog sterk in die wedloop, maar baie het op die einde bietjie uitgesak, miskien weens die vroeg opstaan! Alles dui egter daarop dat dinge net beter kan gaan in die laaste paar bepalings en dat die interskole oor drie weke afstuur op 'n groot hoogtepunt. Baie geluk aan al ons sportmanne en -vroue met julle vertonings en entoesiasme. Ons sien uit na waarmee julle ons gaan verras!

Op die rugbyveld het die meeste spanne 'n beter vertoning gelewer as teen Grey, met veral die O/14A's wat dit amper deurgehaak het, en die 3de span wat 'n vertoning vol "guts" en "spirit" gelewer het! Die eerste en tweede spanne het bloot net te veel foute gemaak om 'n goeie vertoning in 'n oorwinning te omskep. Outeniqua beskik oor baie sterk hokkiespanne en alhoewel ons spanne regtig baie hard gespeel het, het al die spanne met 3 doele verloor. Die O/16C-span het 1-3 verloor. Op die netbalbaan was die kompetisie baie straf en ons spanne het eintlik uitstekend gevaar. Die O/14A-span het 15-25 verloor en die eerstes met 18-25. Hulle was egter vir 'n groot deel van die wedstryd binne trefafstand. Die O/14B-span het gewen en die O/16A-span het 'n pragtige oorwinning van 29-12 behaal. Al die ander O/16-spanne het gewen. Op grond van hierdie vertonings deur al ons spanne kan ons met groot vertroue uitsien na die interskole!

LANDLOPERS WEER VOLUIT AAN DIE GANG

Die een wintersport wat dit amper nooit bietjie rustig vat nie, is ons Landloop. Oor die jare het Framesby homself gevestig as die top-landloopskool in die Oos-Kaap en die atlete se harde werk word is weer verlede Woensdag beloon by die Woensdagliga wat by die Hoër Tegniese Skool Newton plaasgevind het. Ons het al 3 die dogters-ouderdomsgroepe, sowel as die O/15- en O/19-seunsafdelings gewen.

Die volgende atlete het eerste plekke behaal: Keigh-Lee van Tonder, Anke Scheffer, Kari Nel, Lara de Bloe, Gerhard Venter, Wehan Smith en Janno Agenbag.

Kelly Schmidt en Nicole Hamilton het tweede plekke behaal, terwyl Nicole Ferreira, Simone le Grange, Janie Guldenphennig, en Zack Serfontein almal derde plekke behaal het.

Baie geluk aan al ons atlete met hierdie pragtige vertoning. Sterkte met die liga-byeenkomste wat nog voorlê!

SPORTPROGRAM VS OAKDALE, UNION EN VOLKSKOOL

Ons rugby- en hokkiespanne is almal hierdie naweek in aksie. Die rugbyspanne speel tuis teen die Hoër Landbouskool Oakdale, terwyl ons dogtershokkiespanne vandag op Graaff-Reinet teen die Hoër Volksskool sal speel, en môre teen Union High. Union High is gedugte teenstanders en Volksskool is ook glad nie te versmaai nie. Baie sterkte aan al ons dogters, en ons hoop julle geniet die naweek op Graaff-Reinet. Op die rugbyveld sal ons spanne almal kwaai uitgedaag word. Oakdale beskik oor besonder goeie spanne en hulle vaar vanjaar baie goed. Ons manne is egter reg om hul beste te gee en ons sien uit na 'n dag van opwindende en klipharde rugby.

RUGBY BY FRAMESBY

Tyd	A-Veld	Tyd	B-Veld	Tyd	C-Veld
09:00	O/14A	08:30	3de	08:30	O/14C
10:00	O/15A	09:30	O/16B	09:30	
11:00	2de	10:30	4de	10:30	
12:15	O/16A	11:30		11:30	O/15B
13:20	Dansers			12:30	O/14B
13:30	1ste				

HOKKIE OP GRAAFF-REINET

Vandag vs Volksskool			
Tyd	Astro	Tyd	Volks.
15:00	O/16A	14:00	2de
16:00	1ste	15:00	3de
		16:00	O/16B

Môre vs Union High

Tyd	Astro
09:00	3de
09:50	O/16B
10:40	O/16A
11:35	1ste
12:20	2de

ALGEMEEN EN KOS VIR DIE SIËL

BLYDSKAP EN VREDE

By die lees van sy briewe word 'n mens getref deur die wyse waarop Paulus daarin geslaag het om in die moeilikste omstandighede positief te bly.

Daarom was hy ook in staat om sy gemeentes aan te moedig om te midde van hulle eie stryd en swaarkry blymoedig te wees en innerlike vrede te smaak.

Sy brief aan die Filippense is byvoorbeeld vanuit die gevangenis geskrywe. Tog getuig dit deurgaans van die innerlike rus, vreugde en dankbaarheid wat sy hart vervul het. Ook roep hy die gemeente meermale daartoe op om bly te wees (2:18; 3:1; 4:4).

Wat daarby opval, is dat hy hulle vermaan om bly te wees *in die Here* (4:4). 'n Mens kan vra: Hoe dan ook anders? As 'n mens bly moet wees ondanks die feit dat so baie dinge teen jou is en jou vreugde van alle kante bedreig, kan jy alleen nog maar "in die Here" bly wees. Dit is nie die soort blydschap wat die vrug van voorspoed of natuurlike opgewektheid is nie, maar dis 'n vrug van die Gees (Galasiërs 5:22). Dit is die resultaat daarvan dat 'n mens jou werklik oor en aan die Here verheug, ondanks al die dinge wat jou van jou blydschap wil beroof.

Egte Christelike blydschap is gegrond in wat die Here is en doen, nie maar net in die goeie dinge wat op aarde met 'n mens gebeur nie. Vir Paulus was dit 'n geloofswaarheid dat sy hele lewe in die liefde en sorg van Christus toegevoeg is. Daarom het selfs die dood vir hom alle verskrikking verloor, want dit is 'n "heengaan om met Christus te wees" (1:23). Wie so oortuig is daarvan dat hy/sy in Christus geborge is en in lewe en sterwe aan Hom behoort, kan met reg bly wees.

Tot hierdie selfde blydschap wil hy sy gemeente ook lok. Daarom vermaan hy hulle om vry te word van hulle aardse sorges en vrees en hulle hele lewe onvoorwaardelik aan die liefde van Christus toe te vertrou. Niks op hulle weg is te gering om deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend gemaak te word nie. En wie dit doen, sê Paulus, sal vind dat die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, in Christus Jesus die wag oor sy of haar hart sal hou (4:7).

Dit is tog iets merkwaardigs dat 'n Christen nie onrustig of opgejaag hoef te wees nie, selfs al is daar baie redes waarom dit so sou kon wees. Die geheim daarvan is dat God in die gelowige 'n afluens bring van sy eie ewige vrede. God is nie onrustig of opgejaag nie. Hy ken sy tyd. Hy is seker van sy ewige triomf oor die bose. Hy besit die ewige vrede. En dit is daardie vrede van God wat deur die Heilige Gees ook die hart van die gelowige omsluit en dit tot vrede bring. Daarom kan dit 'n vrede heet wat alle verstand te bowe gaan. Dit beteken: dit is 'n vrede wat 'n mens eintlik nie kan verstaan nie. 'n Mens kan jouself deur die geloof – ondanks alles – volkome aan God toevertrou en so in sy vreemde vrede deel. By God is alles reg, selfs al lyk alles vir 'n mens verkeerd.

Uit *Die Burger*, 18 September 1993

DIS TYD OM BIETJIE UIT TE HANG!

Woensdagaand is dit weer sulke tyd! 'n Klompie baie dapper seuns en dogters ding dan mee om die uiters gesogte titel van Mnr. en Mej. Framesby.

Baie sterkte aan al die deelnemers. Heelwat van hulle sal die middag nog in aksie wees teen Otto du Plessis! Hulle maak egter baie staat op hulle maats se ondersteuning en ons hoop om 'n saal vol waarderende ondersteuners te sien. Kom koop jou kaartjie en bring sommer baie maats saam!

Die tema vir die aand is **Bollywood Nights** en plekke kan bespreek word @ R60. Onbespreekte sitplekke kos R40. Daar is ook 'n spesiale versoek dat almal wat die geleentheid bywoon, ook so bietjie uithang. Die voorskrif vir die toeskouers se kleredrag is "**Red Carpet Ready**". Klink baie opwindend!

WOENSDAG IS DIT FRAMESBY VS OTTO

Weens die langnaweek word ons sportbepaling teen die Hoërskool Otto du Plessis vanjaar op Woensdag 8 Augustus op ons velde afgehandel. Ons sou graag van die wedstryde onder ligte wou speel, maar weens die Mnr. en mej. Framesby-geleentheid die aand in die saal, sal die program teen 17:30 afgehandel wees. Ten einde dit moontlik te maak sal die eerste wedstryde reeds om 13:45 begin. Die reëlings rakende die skooldag sal vroeg volgende week deurgegee word. Die program is as volg:

RUGBY

Tyd	A-Veld	Tyd	B-Veld	Tyd	C-veld
13:45	2de	13:45	O/15B	13:45	O/14B
15:00	O/16A	14:14	O/15A	14:45	O/14A
16:00	1ste	15:45	3de	15:45	O/16B

NETBAL

Tyd	Baan 1	Baan 2	Baan 3
13:45	O/19B	O/14A	O/16B
14:15	O/16A	O/14B	O/19C
14:45	O/19A		